Wilson Center Digital Archive
International History Declassified
digitalarchive.wilsoncenter.org

# October 2, 1974
# Die Militêre Milieu in Suider-Afrika Waarin die RSA Hom Tans Bevind

## Citation:

"Die Militêre Milieu in Suider-Afrika Waarin die RSA Hom Tans Bevind", October 2, 1974, Wilson Center Digital Archive, I15/2, 1/572, MEM, National Archives of South Africa. Obtained by Jamie Miller. https://digitalarchive.umd.edu/document/134627

## Original Language:

Afrikaans

## Contents:

- Original Scan

Original Scan
Wilson Center Digital Archive

[illegible] 8/10/74

Sy Edele B.J. Vorster
Eerste Minister.

Geagte E.M.

Bygaande stuk is deur ons militêre Senior Offisiere opgestel.

Ek sal dit hoog waardeer indien u dit voor vanaand se gesprek kan lees.

Ek dink hierdie stuk bewys dat ons militêre leiers ernstig besin. Die groep wat u vanaand ontmoet is manne van hoë integriteit en u kan dus vrylik praat.

Met agting
P.W. Botha

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



DIE MILITÊRE MILLIEU IN SUIDER-AFRIKA WAARIN DIE RSA HOM TANS BEVIND

INLEIDING

1. Voordrag van Jan 74

In die voordrag deur H SAW aan die Kabinet oor die militêre bedreiging teen die blankbeheerde state in Suider-Afrika in die volgende 5(vyf) jaar, was sekere standpunte ingeneem waarop die RSA sy militêre strategie moes baseer. Kortliks was hierdie standpunte soos volg:-

a. Dat die RSA moes bydra tot die stryd in Angola en Mosambiek want sou die Portugesemagte in daardie provinsies die onderspit delf, dit ernstige implikasies vir die RSA inhou - veral in die geval van Mosambiek wat na-aan die RSA se hartland lê.

b. Dat die RSA alles sal moet doen om Rhodesië staande te hou, want terwyl Rhodesië staande bly is geen konvensionele aanval vanuit Zambië teen die RSA moontlik nie en is die Tvl se noordelike grens vanaf Pafuri tot by die aansluiting van die Shashi en Limpoporiviere beskerm teen terroriste aanvalle.

c. Dat Botswana 'n belangrike rol kan speel in die bedreiging teen die RSA, maar dat Botswana openlike militante optrede nie kan bekostig terwyl SWA en Rhodesië staande bly nie.

2. Hierdie inleidende voordrag deur H SAW aan die Kabinet in Jan 74 was die uitgangspunt vir die huidige verdedigingsbegroting, en die programmering vir die volgende vyf(5) jaar.

3. Verwikkelinge sedert 25 April 74

Op 25 April 74 het die staatsgreep in Portugal plaasgevind wat teweeggebring het dat Mosambiek tans 'n Frelimo-beheerde regering het en binne 'n jaar geheel-en-al onafhanklik sal wees. Die aanduidings is dat Angola soortgelyk 'n swartbeheerde regering sal hê. Albei hierdie regerings sal hoogswaarskynlik terrorisgeorienteerd wees wat onder die oorkoepelende aanvoering van die OAE die stryd gevoer het.

4. Lusaka-Manifes

Die Lusaka-manifes, uitgereik deur die OAE, het as sy mikpunt die bevryding van Suider-Afrika van blanke heerskappy. Angola en Mosambiek is nou reeds "bevry" - daar bly dus net Rhodesië en die RSA oor.

5. Die doelstellings van die OAE moet dus NIE uit die oog verloor word NIE.

/6. Implikasie .....

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



6. Implikasie

Die slotsom is dat die RSA hom tans tot 'n groot mate, in die strategiese posisie bevind wat voorsien was eers oor vyf(5) jaar - eintlik in 'n swakker posisie want Mosambiek is in die vyand se hande en so ook sal Angola binnekort wees, en alhoewel dit voorsien was dat die militêre posisie in beide hierdie gebiede sou versleg, was 'n uit-en-uit oorgawe nie verwag nie.

POTENSIËLE GEVEGSFRONTE

7. As inleiding tot 'n kort bespreking oor die potensiële gevegsfronte is dit 'n kardinale vereiste dat weer na die Lusakamanifes verwys word, want hierdie manifes rig ons aandag op die feit dat die potensiële gevegsfronte NIE in isolasie gesien moet word NIE - elkeen is 'n voorpos op die OAE se pad na sy kerndoel - die RSA.

8. Mosambiek

a. Gesien teen die agtergrond van die Lusakamanifes is die verandering van regering in Mosambiek seker die grootste potensiële bedreiging wat die RSA nog ooit gehad het.

b. Die RSA sal dwaas wees om hom 'n rat voor die oë te laat draai deur mooi praatjies van ekonomiese bande, Cabora-bassakrag, nie-inmenging en diesmeer nie. Dit pas Frelimo se boek om nou so te praat - ons weet dat Rusland dit so aan hulle voorgeskryf het, en hulle gewaarsku het dat indien hulle militant teen die RSA sou optree voordat hulle gevestig is (2 jaar) hulle teespoed sou optel, met rampspoedige gevolge vir die OAE se oorkoepelende meesterplan vir Suider-Afrika. Waar ons ook voorheen 'n konvensionele bedreiging uit die noorde gesien het moet ons nou aanvaar dat dit ewewel uit die ooste kan kom (inteendeel met Lourenco Marques as hawe en die relatief goeie verbindingsroetes met die RSA, is 'n konvensionele aanslag op die RSA se grootste struikelblok al logistieke steun, grootliks opgelos en sal die RSA aldus direk en ernstig bedreig word). As die aanval sterk genoeg en suksesvol deurgevoer kan word, sal die OAE sy doel bereik het met een slag, want dit sal Rhodesië outomaties tot 'n val bring, en sal die res van die RSA nie baie lank staande kan bly sonder die Tvl wat die industriële hartland van die RSA is nie.

c. Ons moet dus verwag en beplan teen insypeling vanaf Mosambiek as die eerste fase van meer militante optrede.

9. Rhodesië

a. As Rhodesië tot 'n val gedwing word bring dit terrorisme en die uitvoering van die Lusakamanifes ook tot op die noordelike grens van die hartland van die RSA - die Tvl.

/b. Dit sal .....

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



b. Dit sal ook tot gevolg hê dat direkte toegang tot Botswana verkry word en wat Botswana dan instaat stel om openlik teen die RSA kant te kies. Ook sal dit die agterdeur tot Oos en Wes Caprivi en SWA sal open, asook dat die westelike grens van die RSA bedreig sal word.

c. Rhodesië is die enigste gebied waar die RSA nog beweegruimte het in sy stryd teen die OAE, asook die enigste gebied weens sy ontwikkeling, paaie, vliegvelde en verbindings vanwaar ons Zambië, een van die sleutel OAE-lande, indien nodig tot verantwoording kan roep.

d. Sou Rhodesië deur die OAE tot val gebring kan word, sou dit nie alleen 'n militêre oorwinning wees nie, maar die morele oorwinning kan alleen tot die RSA se nadeel wees en sal binnelandse onrus en onlus aanhits. Die uitvoering van "Operation Mayibuje" is dan nie net meer 'n hipotese nie maar 'n ernstige en naakte werklikheid.

10. Botswana

a. Botswana is die RSA nie goedgesind nie - al wat Botswana weerhou van 'n meer militante optrede is sy ekonomiese afhanklikheid van die RSA en Botswana is besig om hierdie ekonomiese bande los te maak. Indien óf Rhodesië óf SWA onder die beheer van nie-blanke regerings sou kom, sal Botswana se houding teenoor die RSA oornag verander.

b. Die sleutel tot Botswana se houding teenoor die RSA, in die afsienbare toekoms, is dus te vinde in die toekoms van veral Rhodesië.

c. Sou Rhodesië egter val, is terroriste van basisgebiede verseker 'n skrale 300 km vanaf Pta en die regering van die land - meer nog, hulle kan en sal Baputa Swana direk infiltreer en kan die bedreiging tot by Pretoria en veral Johannesburg en Soweto kom.

d. Die finale uitvoering van "Op Mayibuje" wat 'n geweldige poging van die sekerheidsmagte sal verg is dan 'n wesenlike bedreiging en gevaar.

11. S.W.A.

a. In enige bespiegeling van SWA as 'n potensiële gevegsfront moet ons dit teen die agtergrond van die Lusakamanifes, die VN siening oor SWA, en SWAPO se doelwit van "Namibia" as 'n geheel sien, tenspyte van die feit dat ons net op hierdie stadium in die noordelike tuislande militêr doenig is.

b. Dit impliseer dat die probleem nog gladnie opgelos sal wees deur hulle onafhanklikheid toe te ken nie. Sonder die RSA se hulp sal hulle op hulle eie nie insurgensie kan teenwerk nie en dit is baie duidelik dat die insurgente (terroriste) nie die

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



tuislandregerings goedgesind is nie. Indien die RSA hulle nie help nie sal hulle ingepalm word en die OAE verdere vordering met sy optog suid gemaak het.

c. Hoe meer vordering SWAPO in SWA maak (asook vordering deur ZANU en ZAPU in Rhodesië) hoe meer sal Botswana oorkantel na 'n militante houding teenoor die RSA.

12. Angola

Angola bied alreeds 'n deurgang vir SWAPO-lede en SWAPO-aanhangers/eenersdenkendes na Zaire en Zambië en sal logies gesproke hulle ook 'n deurgang bied wanneer hulle terugkeer. Die terrorisbedreiging in noordelike SWA teenoor Angola kan derhalwe alleen versleg.

PRIORITEITE VAN POTENSIëLE GEVEGSFRONTE

13. Die prioriteite wat die RSA aan die verskillende potensiële gevegsfronte moet toeken moet verband hou met die onmiddellike uitwerking wat 'n terroriste-sukses op een of ander van hierdie gevegsfronte op die veiligheid van die RSA sal hê.

14. Uit die aard van die saak, weens die industriële/ekonomiese vermoë van die Transvaal, en omrede hierdie provinsie ook al die uitvoerende departemente en die infra-struktuur van die regering huisves, is die Transvaal inderwaarheid die hartland van die RSA en kan daar dus geen sprake wees van enige noemenswaardige weerstand deur die RSA teen enige aanval nie - hetsy konvensioneel of onkonvensioneel sonder dat die Tvl staande bly nie. Wanneer daar dus oor die veiligheid van die RSA beredeneer word binne verband van die heersende militêre millieu in Suider-Afrika moet alle denkrigtings in die eerste instansie op die Transvaal gerig word.

15. Indien die stelling in para 14 hierbo aanvaar word, dan volg dit logies dat 'n verslegting van die situasie op die RSA se grens met Mosambiek en/of 'n verslegting op die RSA se grens met Rhodesië of 'n kentering in Botswana se houding teenoor die RSA, 'n onmiddellike bedreiging vir die RSA se veiligheid sal wees. 'n Verslegting van toestande op die grens tussen Rhodesië en die RSA (Tvl) kan alleen 'n voortspruiting wees van terroriste suksesse in Rhodesië en die gevolglike afleidings is dat terwyl Rhodesië die pyp kan rook, die RSA(Tvl) grens met Rhodesië nie vir ons 'n wesenlike gevaar inhou nie en hieruit vloei die stelling dat hoe langer Rhodesië staande kan bly hoe voordeliger sal dit vir die RSA wees.

16. Soos in 'n vorige paragraaf gestel, hou die gevaar, van Botswana vir die RSA, verband met die sukses wat "bevrydingsbewegings" in Rhodesië en SWA mag hê - veral sukses in Rhodesië weens verbindings wat Rhodesië met Zambië en Mosambiek kan verskaf. Gesien die huidige ekonomiese afhanklikheid van Botswana op die RSA en die invloed op Botswana van toestande in Rhodesië en SWA is Botswana vir die afsienbare toekoms nie 'n militante bedreiging vir die RSA(Tvl) nie - mits toestande in Rhodesië en SWA nie radikaal versleg nie.

/17. Die posisie .....

Wilson Center Digital Archive

Original Scan



17. Die posisie in SWA moet grotendeels gesien word teen die
agtergrond van die VN se houding teenoor hierdie gebied asook
natuurlik die veranderde toestande in Angola. Op 'n blote insur=
gensie grondslag sou die verlies, of liewers die oorheersing van die
noordelike tuislande deur insurgente, nie 'n onmiddellike bedreiging
vir die RSA inhou nie, alhoewel dit 'n morele terugslag vir die
RSA sal wees wat ons vyande binnelands en in die buiteland sal
aanspoor tot hewiger pogings. Sonder 'n oorwoë konvensionele aanval
op SWA, ondersteun deur een van die groot moondhede, sal ons die
insurgensie pyp in daardie gebied nog lank kan rook al moet ons
ook ons magte terugtrek tot op die suidelike grens van Ovambo en
Kavango, mits ons ons kaarte reg speel en die etniese groepe teen
mekaar afspeel by SWAPO word deur die VV aanvaar as verteenwoor=
digend van die nie-blankes in SWA, maar dis te betwyfel of die
ander etniese groepe deur Ovambos oorheers wil wees ens.

18. Na aanleiding van parae 13 - 17 hierbo word daar tot die gevolgtrekking gekom dat geskoei op die onmiddellike gevaar wat 'n potensiële gevegsfront (sou dit ge-aktiveer word) vir die veiligheid van die RSA inhou, die prioriteite soos volg is:-

a. Mosambiek.

b. Rhodesië.

c. Botswana.

d. SWA.

maar sou Rhodesië tot 'n val kom vorm Rhodesië en Botswana een aaneenlopende front wat op die selde vlak as Mosambiek beskou moet word.

TYDSBERAMING

19. Wat insurgensie (terrorisme) betref het ons (en Rhodesië word hier ingesluit want ons is beide die doelwit van die OAE) te doen met 'n proses wat al lank aan die gang is, en wat maar net van intensiteit verander by tye, maar wat voortdurend ook uitbrei. Volgens inligting tot ons beskikking kom dit voor dat:-

a. Die bedreiging uit Mosambiek oor twee(2) jaar 'n militante gedaante sal aanneem. Intussentyd kan egter ongekoördineerde en sporadiese SA ANC aanslae (wat nie deur Mosambiek-owerhede beheer sal kan word nie) op die Transvaalse Oosgrens en moontlik Natalse Noordgrens verwag word.

b. Die aanvalle in Rhodesië onmiddellik verskerp sal word, sal uitbrei en dat daar binnekort 'n tweede front in die NW ge-aktiveer sal word.

c. Pogings tot insypeling en daaropvolgende dade van terrorisme in Ovambo vinnig sal toeneem.

20. Gesien parae 8 en 19a hierbo is 'n moontlike afleiding dat ons vyande dit beplan om SWA en Rhodesië so binne die volgende twee jaar te verswak dat hulle kans sien om die Tvl op sy oos= telike, noordelike, en westelike grens aan te durf.

21. Om die vyand se tydsberaming verder as dit te probeer vas= stel sou blote ongegronde teorie wees.

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



RSA SE BETROKKENHEID IN MILITêRE OPERASIES BUITE DIE RSA

22. Daar word in verskeie oorde bespiegel of die RSA se betrok= kenheid in militêre operasies buite die grense van die RSA nie die RSA in die verleentheid sal stel teenoor 'n nie-blanke regering wat in so 'n gebied sou ontstaan, as gevolg van 'n suksesvolle insurgensie veldtog nie.

23. Dit kan wel die geval wees, maar dit word verder aangevoer dat so 'n nie-blanke regering die RSA in enige geval vyandig sou beskou want dit gaan hoofsaaklik oor staatkundige strukture en nie oor bystand wat ons aan buurstate - blank of nie-blank - lewer nie.

24. Om die goedgesindheid van moontlike toekomstige nie-blanke regerings te probeer afkoop op so 'n manier, sal wrange vrugte afwerp - hulle ideologie het al lankal teen die blankbeheerde state oorlog verklaar - omdat hulle blank is, en omdat die beheer in die blanke se hande is.

25. Hoe dit ookal sy, in die oë van die wêreld (VN) het die RSA al buite sy wettige gebied militêr opgetree - daar word verwys na SWA. Waar twee lande teen 'n gemeenskaplike vyand veg sou dit militêr-gesproke onrealisties wees om respektiewelik net binne eie grense teen die vyand op te tree. So 'n benadering moet verwerp word want dit hou geen voordeel vir ons in nie.

DIE STAAT SE STRATEGIE

26. Die voorafgaande is 'n redelik gedetailleerde ontleding van die bedreiging soos dit sedert Jan 74 uitgekristaliseer het, en dit is die SAW se funksie om te beplan om hierdie bedreiging die hoof te bied.

27. Soos in enige demokratiese regeringstelsel is die SAW die dienaar van die staat en kan alleen beplan binne die beperkings van die staat se staatkundige strategie. - "The armed forces are an extension of a Govts political power" maw vir die SAW om kon= sekwent te kan beplan om die bedreiging die hoof te bied, is dit gebiedend dat die SAW duidelike riglyne gegee word bv:-

a. Sou Mosambiek oor twee jaar (of voor of na twee jaar) insypeling, terrorisme ens beworder soos tans die ge= val is in Zambië teenoor Caprivi en Rhodesië, wat is die regering se beleid - moet die SAW bloot verdedig of mag die SAW op basisse oorkant die grens in Mosambiek toeslaan?

b. Indien dit duidelik word dat daar in Mosambiek 'n konvensionele mag voorberei word wat teen die RSA gebruik gaan word, gaan ons wag totdat ons aangeval word of gaan ons die inisiatief neem?

c. Wat sal die RSA se houding wees teenoor Botswana indien Botswana militante terrorisme bevorder - 'n negatiewe houding, dws bloot verdedig, of 'n positiewe houding dws basisse aanval en ekonomiese druk uitoefen?

/d. Tot watter .....

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



d. Tot watter mate is ons bereid om SWA te verdedig en te ontwikkel asof dit 'n deel van die RSA is, of maar net tot 'n sekere punt en waar is die punt min of meer geleë?

e. Gaan die RSA militêre hulp verleen aan onafhanklike tuislande indien hulle daarvoor sou vra en tot welke mate?

f. Wat is die RSA se militêre houding teenoor Rhodesië - gaan ons alles in ons vermoë doen om Rhodesië staande te hou, insluitend die aanwending van SA troepe in genoegsame hoeveelhede om die terroriste aanvalle te kortwiek? - indien Rhodesië deur 'n Konvensionele OAE mag aangeval word sal die RSA hom aan die kant van Rhodesië skaar?

g. Watter staatsdepartement of staatsorganisasie is verantwoordelik om die bevolking in gebiede wat grens aan sensitiewe areas oor werklike toestande in te lig. Daar word verwys na die beweerde "paniek" wat onlangs in Nelspruit geheers het. Dit kom neer op sielkundige aksie gerig aan die verskillende etniesegroepe - veral blankes.

h. Elke departement het seker sy departementele strategie, maar dit is gebiedend dat departemente van mekaar se strategie kennis moet dra - wie koördineer dit?

j. Daar bestaan wel 'n Staatsveiligheidsraad - moet hierdie raad nie met 'n permanente sekretariaat voorsien word wat opdragte/besluite van die raad moet koördineer nie?

k. Behoort daar nie 'n Nasionale Mannekragraad gestig te word wat beleid moet neerlê nie? Tans doen ongeveer 'n derde van skoolverlaters nie diensplig nie, omrede hulle vir een of ander staatsdepartement werk - almal word nie met dieselfde kam geskeer nie - die wat by staatsdepartemente werk word 'n goeie salaris betaal terwyl die dienspligtige maar 'n nominale bedrag ontvang.

l. Wat is die regering se beleid teenoor Malawi - daar word spesifiek verwys na militêre hulp. Indien Malawi vir militêre ondersteuning - dws aanwending van SA-troepe vra, word dit beoog om dit te voorsien? Hierdie vraag moet beantwoord word teen die agtergrond van gebeure in Mosambiek en moontlike toekomstige verwikkelinge.

m. Wat is die regering se beleid tov verdedigingsorganisasies vir die tuislande? Indien dit die bedoeling is om tuislandburgers militêr op te lei, wanneer moet 'n aanvang daarmee gemaak word, wie moet daarvoor begroot en wat is die uiteindelike perke?

/n. Indien daar .....

Original Scan
Wilson Center Digital Archive



n. Indien daar in Angola 'n staatsgreep uitgevoer word en RSA hulp word aangevra, wat sal ons houding in hierdie verband wees en tot watter mate sal ons bystand verleen?

28. Die antwoorde op bovermelde vrae het direk betrekking op die gevegsdoktrine, beplanning, ligging van SAW formasies, installasies, edm. Sonder die antwoorde op hierdie vrae kan daar nie konsekwent beplan word nie, en tas die SAW in die duister rond.

29. Die tyd het aangebreek dat die militêre strategie by die staatkundige strategie gevoeg moet word en dat die SAW onomwonde meegedeel word tot waar sy verantwoordelikhede strek.

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



DIE SAW SE POSTUUR

30. In die heersende en ontwikkelende militêre millieu in Suider-Afrika, en by die gebrek aan riglyne tov staatsstrategie kan die SAW sy beplanning alleen grond op die algehele militêre prent, daar hy nie in staat is om al die staatkundige oorwegings in berekening te bring nie.

31. Om meer spesifiek te wees behels hierdie beplanning in breë trekke die volgende:

a. Die noordelike SWA-Tuislande. Die verdediging van hierdie tuislande teen insurgensie vir so lank as wat dit nodig geag mag word of totdat hulle onaf=hanklik is en hulle die RSA formeel versoek om sy magte te onttrek.

Nota.

1. Hierdie tuislande is tans nie, en sal vir baie jare nie instaat wees om hul self teen insurgensie te verdedig nie.

2. Indien hierdie tuislande onder die heerskappy van SWAPO (of 'n eenersdenkende politieke organisasie) sou verval, sal dit natuurlik 'n oorwinning vir ons vyande wees, wat hulle 'n vasskop plek binne SWA sal gee en derhalwe hulle verdere planne vir die fisiese skepping van hul "Namibië" sal bevorder.

3. Die RSA-magte sal dan teruggetrek moet word en ontplooi word as 'n verdedigingslinie tussen die noordelike blanke gebiede en die SWAPO-beheerde tuislande.

4. Die implikasie wat hieruit vloei is dat hierdie tuislande dan as vyandig beskou moet word en dat staat=kundige, politieke en militêre stappe teen hulle geneem sal moet word.

b. SWA as geheel. SWA teen die uitbreiding van insurgensie beskerm moet word, asook dat daar beplan moet word teen 'n OAE of VN geinspireerde konvensionele aanslag.

NOTA

1. 'n Nuwe politieke bedeling vir die hele SWA wat die VN en die OAE tevrede stel, sal die RSA sekerlik nie tot voordeel wees nie want dit sal op 'n meerderheidsgrondslag geskoei wees, dws nie-blanke heerskappy. Die nie-blanke regering sal die RSA nie goedgesind wees nie en sal die OAE doelwit tov heerskappy oor die hele Suider-Afrika bevorder.

2. 'n Nuwe politieke bedeling vir SWA wat die RSA te=vrede stel sal deur die VVO geignoreer word want uit die aard van die saak gesien teen die RSA se beleid tov

/etniese ..........

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



etniese groepe, sal dit op 'n federale basis wees, en sal nie deur SWAPO aanvaar word nie - en SWAPO alleen word tans deur die VN as SWA se woordvoerder aanvaar.

3. Vir die afsienbare toekoms kan daar nie 'n verbetering van toestande in SWA wees nie - in die noordelike tuis= lande kan insurgensie net verskerp.

c. Botswana. Daar sal beplan moet word om die Botswana grens met die RSA te bewaak veral die grens tussen Tvl en Botswana.

NOTA

1. Die grens sal aggressief bewaak moet word dws daar sal toegeslaan moet word op bekende basisse in Botswana.

2. Indien Botswana basisse in sy gebied geduld, sou dit onlogies wees as die RSA Botswana op die ekonomiese front nie ook onverwyld vasvat nie.

d. Rhodesië. Daar moet beplan word om Rhodesië in die kort tot medium termyn tot hulp te snel deur RSA troepe in NO en NW Rhodesië te ontplooi.

NOTA

1. Daar word nie deur die Rhodesiërs in die noordooste en ooste vordering gemaak nie - daar is tekens dat die "Op Hurricane" gebied na die Suide en SO uitbrei asook dat 'n soortgelyke operasionele gebied deur ZAPU in die noordweste gestig gaan word. Indien dit sou gebeur sal Rhodesië nog minstens 11 bataljons moet ontplooi - indien Rhodesië sy oorblywende magte mobiliseer kan daar net ses(6) bataljons voorsien word.

2. Indien Rhodesië tot 'n val gedwing word lê die hele Transvaalse grens van Mafeking tot waar dit in die ooste by Swaziland aansluit, oop, want Botswana sal dan sekerlik openlik sy steun aan ons vyande gee.

3. Die RSA se militêre inligtingsdiens het alreeds die mening uitgespreek dat die Mosambiekgrens vir die volgende twee(2) jaar betreklik stil gaan wees, en dat die RSA daarna onheil kan verwag. Insurgensie in Rhodesië ver= skerp daagliks. As dit die OAE se beplanning is dat toe= stande in Rhodesië oor twee jaar onuithoubaar is, en hier= die beoogde toestande in Rhodesië val ooreen met die ak= tivering van die Transvaal/Mosambiek grens sal die RSA 'n ernstige militêre krisis op hande hê.

4. Vroeë en kragdadige optrede in Rhodesië op militêre gebied deur die RSA sal verseker dat die RSA vir des te langer beweegruimte buite haar eie grense kan geniet.

/Sodanige .........

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



Sodanige aksie moet gerig wees op die normalisering van die situasie sodat Rhodesië daarna haar huis self in orde kan hou. Sukses van so 'n operasie moet voorafverseker wees anders gaan dit ons beeld net skaad en ons troepe demoraliseer. Elkgeval, sou Rhodesië tot 'n val gebring word, sal die RSA-magte op ons eie grense gebaseer moet word, sonder enige beweegruimte behalwe as ons van ons eie gebied prysgee.

5. Die RSA-magte sal natuurlik in sulke omstandighede vanaf ons eie grense in Rhodesië in kan optree, maar wat sou die logiese versoening vir sulke optrede wees as ons nie nou bereid is om dit te doen nie?

6. In geval van 'n konvensionele aanval uit die noorde, bied Rhodesië vir die RSA basisse vir lugaanvalle op sleutelpunte in Zambië en Tanzanië. Daarteenoor sou Rhodesië val, bied dit basisse aan ons vyande wat Pretoria en Johannesburg met al hul militêre, staatkundige en industriële teikens, in direkte gevaar stel.

Mosambiek. Daar moet beplan word om die Mosambiekgrens te bewaak met troepe wat vir minstens ses(6) maande on= onderbroke diens daar kan lewer.

NOTA

1. Die Oos-Tvl is vir die RSA 'n baie sensitiewe strate= giese gebied, nie alleen weens sy intensiewe boerdery en die voortbestaan van Phalaborwa nie, maar dit is 'n gedeelte van die Tvl wat 'n besondere aantrekking het vir toeriste en besoekers uit die buiteland. Aktivering van insurgensie (terrorisme) in die Oos-Transvaal sal dus 'n besondere nade= lige uitwerking op die RSA hê.

2. Ook op hierdie grens sal die RSA-magte aggressief moet optree dws bereid wees en gemagtig word om op bekende terrorisbasisse toe te slaan.

Noord Natal. Die beskerming van Natal se noordgrens word eweeens soos die Transvaal se oosgrens, beinvloed deur gebeure in Mosambiek, behalwe dat die grens tussen noord Natal en Mosambiek aansienlik korter is en die grensgebied van Noord-Natal van minder belang is as die oostelike grens van Transvaal, behalwe dat Richards Baai heelwat verder suid, ook as 'n sleutelpunt tot die RSA se ekonomie en toe= komstige ontwikkeling gesien moet word, veral as Lourenco Marques die RSA ontsê word.

NOTA

1. Die beplande noordgrens van Kwa-Zulu grens aan Suid-Mosambiek, wat insypeling kan bevorder, en indien die Frelimo tipe ideologie daar wortel skiet, skep dit vir

/die RSA ...........

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



die RSA 'n verdedigingsprobleem in Natal.

2. Die toekomstige houding van Swaziland moet ook in verband gebring word - die Swazi-nasie het noue stamverbande met die Zulu-nasie, wat onlangs verder versterk was deur die troue van een van Koning Sobuhza II se dogters met Koning Goodwill Zwelwtini van Kwa-Zulu.

3. Daar sal skynbaar geen noemenswaardige verandering in Swaziland se houding teenoor die RSA wees terwyl Koning Sobuhza regeer nie, maar hy is reeds 'n ou man, en daar kan moontlik 'n verandering van gesindheid kom na sy dood.

MANNEKRAG

32. Paragraaf 31 hierbo maak melding van die sensitiewe gebiede wat die RSA se militêr beplanning beïnvloed, en waar die RSA se betrokkenheid regstreeks in verband staan met die RSA se veiligheid.

33. Uit die aard van die bedreiging, moet die RSA, net soos Israel tans, gedurig troepe op sensitiewe dele van sy grens ontplooi hê, of gereed hou vir ontplooiing, en moet die RSA ook gereed wees om daarbenewens 'n konvensionele Taakmag op kort kennisgewing in die veld te kan stoot ingeval van 'n aanval op SWA of die opbou van 'n konvensionele bedreiging uit Mosambiek en/of Rhodesië (sou hy prysgegee word) en/of Botswana. Waar ons in Jan 74 'n tydsberaming van 5 jaar in die vooruitsig gestel het, het gebeure in Portugal hierdie tydsberaming met minstens 3 jaar vervroeg.

34. Gebaseer op verskerping van die bedreiging in 1 Militêre Gebied (veral in Ovambo) en hulp aan Rhodesië, asook die ontplooiing van troepe op die Transvaalse oosgrens en op die grens tussen Natal en Mosambiek moet die SAW beplan om binnekort bykomstig minstens - 12 x bataljons tesame met ondersteuningselemente (wat SALM en SAGD pers insluit) beskikbaar te hê wat vir periodes van 6-12 maande ontplooi kan word.

35. Om hierdie behoefte aan troepe te kan bevredig sal óf die Verdedigingswet so gewysig moet word dat Burgermageenhede opgeroep kan word vir diens vir langer periodes as wat tans die geval is, óf die dienspligstelsel tot drie jaar verleng moet word.

36. Daar is natuurlik heelwat implikasies wat voortvloei uit beide moontlikhede wat in para 35 hierbo gestel is. 'n Gemeenskaplike een, is die uitwerking wat beide op die mannekrag benodigdhede van die burgerlike sektor sal hê. Sou die dienspligstelsel tot drie jaar verleng word sal dit meebring dat drie jaar na die instelling van so 'n wysinging, daar voortdurend 75 000 - 90 000 jong manne uit die land se ekonomie gehou sal word - dus 'n ingeboude demping van die ekonomie en gepaardgaande verhoging van verdedigingsuitgawe.

/Sou die ..........

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



Sou die SAW se benodigdhede uit die burgermag voorsien word, is die uitwerking dat daar voortdurend ± 12 000 manne uit die ekonomie van die privaatsektor gehou sal word - manne wat alreeds poste in die land se ekonomiese infrastruktuur beklee en uit die aard van die saak, reeds in die hoër geskoolde en meer ervare en bestuursektore van die volk se huishouding getrek moet word.

37. Die voor en nadele sal 'n deeglike studie deur die regering verg, alvorens 'n besluit geneem kan word veral tov die uitwerking wat dit nie alleen op die volksekonomie sal hê nie, maar veral ook die volksmoraal, veral as, soos baie duidelik blyk uit 'n studie van TEIN oorlogvoering, dat 'n lang uitgerekte oorlog van lae intensiteit wat die veiligheidsmagte se moreel uitmergel en die land en sy mense tot die maksimum beproef.

38. 'n Besluit ten gunste van die verlenging van die dienspligstelsel kan ook nie onmiddellik van stapel gestuur word nie, want die huis= houdelike implikasies daaraan verbonde is sodanig dat hulle nie onmiddellik bevredig kan word nie; bv voorrade van alle bestaande uitrusting en wapens moet dienooreenkomstig vermeerder word tw huisvesting, uniforms, voertuie, wapens, kommunikasies en belangriker maar moeiliker om te bevredig, die staandemagpersoneel om hulle te administreer, op te lei en om die sleutelposte in die ontplooide eenhede te vul. Selfs 'n besluit ten gunste van die aanwending van die burgermag sal voorbereiding verg, en sal dus nie eensklaps toegepas kan word nie.

39. Bostaande parae 35 - 38 dek alleenlik die SAW se moontlike ver= pligtinge tov grensbewaking, daar moet ook binne die volgende 2 jaar 'n konvensionele taakmag uit dit wat ons het, gemobiliseer word om 'n konvensionele bedreiging die hoof te bied. 'n Verlening van diens= plig hou natuurlik die voordeel in dat 'n baie beter opgeleide en parate BM daargestel word wat onmiddellik hard en effektief kan terugslaan.

40. Hierbenewens moet vir sporadiese opstande, sabotasie en alge= mene dade van anargie in die binneland veral in en om stede en tuislande beplan en voorberei word. Gedagtig aan die beplanning van "Operation Mayibuye" (en daar moet onthou word dat dit die bloudruk was en bly vir die "bevryding" van die RSA) sal hierdie opstande gepaard gaan met insurgensie oor ons grense en mag dit ook die insypeling vooruitloop. Onder hierdie omstandighede sal dit moeilik regverdigbaar wees om die SAP te laat dien in Rhodesië terwyl ons eie mense en hul besittinge hier ter lande bedreig word. Elkgeval om so 'n bedreiging te onderdruk wat, as dit enigsinds goed georganiseer en gekoordineer word, toegelaat word om momentum te verkry, sal dit (soos in die verlede) bokant die vermoë van die SAP wees en sal die Kommandos en die SA Leërkommandemente se TEIN-magte tot die maksimum beproef word met die gepaardgaande las en stremming op die volkshuishouding.

/SLOT .............

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



SLOT

41. Die politieke gebeure in Portugal in Apr 74 en die onwenteling wat dit in Mosambiek en Angola teweeg gebring het, hou implikasies in wat nog nooit tevore in omvang en vooruitsig, die gebied Suid van die Zambesi tot so 'n mate getref het nie. 'n Krisisera het aan= gebreek waarin nie net besluit sal moet word oor die voortbestaan van blanke kultuur en leiding in Suider-Afrika nie maar waarin on= verwyld daadwerklik opgetree sal moet word.

42. Die hele grensgebied, en vir militêre doeleindes strek ons grens tot aan die Zambesi en sluit SWA in, moet in perspektief ge= sien word en nie in isolasie nie - dit is deel van 'n patroon van 'n geko-ordineerde plan, wat die uitwissing van blanke heerskappy as sy einddoel het.

43. Alhoewel die RSA self moontlik eers oor twee jaar op sy eie grense handgemeen met sy vyande sal raak, sal die geveg intussen deur die vyande van die blanke suide op ander fronte verskerp word, streng volgens Mao se leerstelling van "slaan toe op die swakkes en vlug voor die sterkes".

44. Die tyd het ook aangebreek dat die RSA ernstig moet besin om sy beleid tov vergelding te hersien. Dit is nodig dat die SAW se doktrine daarop ingestel moet wees om nie net te verdedig nie, maar om offensief te verdedig dws om op bekende basisse toe te slaan - om bloot te verdedig lewer nie die verlangde resultate nie en mergel die moraal en hulpbronne van die SAW uit.

45. Bo-en-behalwe die SAW se grenstake moet die SAW binne die volgende twee jaar gereed, en die staat moet bereid wees, om indien nodig, 'n blitsaanval op suidelike Mosambiek te magtig met Lourenco Marques as hoof-doelwit. As so 'n aanval op daardie tydstip of in die afsienbare toekoms onnodig skyn te wees, het ons deur voor= bereiding niks verloor nie, maar indien dit nodig geag word en ons het dit nie beplan en daarvoor voorberei nie, verbeur ons 'n gulde geleentheid om ons posisie in Suider-Afrika te konsolideer.

46. Ons moet onthou dat Botswana groot gevare en 'n ernstige be= dreiging vir die RSA inhou, maar dat Rhodesië (en in 'n mindere mate ook SWA) die faktor is wat Botswana tot 'n groot mate beïnvloed.

47. Ten einde enige oorlog en veral 'n insurgente-oorlog te voer is vroeë, geloofwaardige en omvattende inligting van kardinale belang. Inligtingsdekking van vyandelike-aktiwiteite, veral in die gebiede van gasheerlande wat terroriste huisves en vanwaar daar teen hul teikenlande opgetree word is tans ontoereikend. Die noodsaaklikheid van koördinasie van die RSA se totale inligtingspoging te same met beskikbaarstelling van voldoende en bevoegde personeel moet nou reggestel word.

48. 'n Saak wat ook nou opgehelder en uitgestryk moet word is die beperkende aspekte van wetgewing wat op ons troepe op die grense van toepassing is. Om die beginsel van minimum geweld toe te pas teen

/guerillas ..........

Original Scan
Wilson Center Digital



guerillas, beteken dat ons troepe (wat by uitstek jong NDPs is) aan koelbloedige slagting deur gewetenlose moordenaars blootgestel word. Daar moet besef word dat hierdie mense goedopgeleide, goedtoegeruste, fanatieke vegters is wat telkens op 'n moord of selfmoord sending uitgaan. Hulle ontsien nie vrou of kind nie en sal beslis nie 'n geleentheid laat verbygaan om 'n soldaat af te maai al moet hy met sy eie lewe boet - hy is weldeeglik daarvan bewus dat hy geen genade sal ontvang indien hy gevange geneem word, hy is dus net een dood skuldig en sal fanaties veg om uit die kloue van die gereg en die veiligheidsmagte te bly. Om hierdie mense (dws guerillavegters in geaktiveerde militêre gebiede) op demokratiese maniere en wetgewing te beveg, is meer as wat ons Christelike plig en verantwoordelikhede van ons verwag.

2 Okt 74